



FOKUS

201402

AANVULLENDE VOEDING VAN WEIDENDE VLEISBEESTE MET FEEDTEK

Deur Ewie Coetzee (Pri.Sci.Nat)





Die hoofdoel van elke veeboer behoort die realisering van maksimum wins met sy beskikbare hulpbronne te wees, insluitend beskikbare grond, reënval, weiding, diere, beskikbare tegnologie asook ander insette. Die winsgewendheid van enige vleisbees onderneming hang van twee hoof kriteria af naamlik groei en vrugbaarheid.

Die vrugbaarheid van 'n vleisbeeskoei word deur baie faktore beïnvloed, waarvan haar voedingstatus by verre die belangrikste is. Haar voedingstatus is weer direk afhanklik van die voedingswaarde van die weiding wat sy ontvang. Herkouers het oor duisende jare ontwikkel om gras te benut. Gras bly steeds die goedkoopste en beste bron van voeding vir beeste.

'n Beesboer behoort dus eerstens 'n goeie grasboer te wees en tweedens 'n goeie beesboer. Die goue reël is – kyk na die gras en die gras sal na die beeste kyk.

**Die goue reël is –
kyk na die gras en die
gras sal na die beeste
kyk.**

Ongelukkig gaan grasse deur 'n jaarlikse siklus waarin hulle voedingswaarde grootliks wissel. Dit lei daartoe dat beeste wat slegs gras ontvang gemiddeld slegs elke tweede jaar 'n kalf sal produseer. Vir die moderne beesboer om winsgewend te wees behoort hy ten minste 80 - 85 kalwers per 100 koeie per jaar te produseer. Ten einde dit te bereik is dit krities dat die dier aanvullings ontvang van die voedingstowwe wat tekort skiet in die gras vir optimale vrugbaarheid. Hierdie aanvulling word in die vorm van sogenaamde lekaanvullings gedoen. Vir die boer om te weet watter voedingstowwe om wanneer aan te vul, moet hy eers weet wat met die gras gebeur deur die jaarlikse siklus. Grasse gaan deur drie duidelik fases elke jaar naamlik:

- 'n Fase van groei (lente tot laat somer)
- 'n Fase van saad produksie (laat somer tot herfs)
- 'n Fase van verhouting (winter)

Gedurende die groeifase (wat met die reënseisoen saamval) bevat grasse hoë vlakke van proteïene, is baie smaaklik en ook hoogs verteerbaar. Diere sal dus in hierdie fase vinnig toeneem in massa en kondisie, wat hierdie die mees logiese tyd maak om die teelseisoen te hê.

Gedurende die saadproduksie fase word voedingstowwe vanuit die blare gestuur na die wortels (ten einde die komende droë seisoen te oorleef). Die vlak van proteïene van die gras val dus skerp, maar dit bevat steeds voldoende vlakke van verteerbare materiaal. Diere kan dus kondisie handhaaf tydens hierdie periode.

Gedurende die verhoutings fase (in die droë seisoen) verhout die gras toenemend (ook bekend as lignifikasie), wat tot gevolg het dat verteerbaarheid en smaaklikheid skerp afneem. Vrywillige inname van gras daal skerp en diere verloor kondisie tydens hierdie periode. Hierdie moeilike fase val normaalweg ook saam met kalwing en vroeë laktasie, wanneer die voedings behoeftes van die dier baie hoog is.

Daar is vier groepe voedingstowwe wat aan die dier aangevul behoort te word naamlik energie, proteïene, minerale en spoorminerale. Die minerale status van die gras sal afhang van die minerale status van die grond. Suid Afrikaanse gronde is arm aan fosfaat en meeste van die essensiële spoorminerale. Leksupplemente behoort dus hierdie voedingstowwe dwarsdeur die jaar te voorsien. Gedurende die saadproduksie fase daal die proteïen inhoud ook skerp en behoort dit dus ook aangevul te word. Gedurende die verhoutingsfase is nie net proteïen in tekort nie, maar energie voorsiening raak beperkend en behoort dus aangevul te word. Ons het daarom dus drie kenmerkende lek aanvulling seisoene met verskillende tipe lekke naamlik:

Seisoen	Voedingstekorte	Tipe Lek
Reënseisoen - groeifase	Fosfaat en spoorminerale	Minerale lek
Vroeë droë seisoen - saadproduksie	Proteïene, fosfaat en spoorminerale	Proteïenlek
Laat droë seisoen - verhouting	Energie, proteïene, fosfaat en spoorminerale	Produksielek

Dit is baie belangrik om alle tekorte in die regte verhouding aan te vul – dit is baie duur om te veel van een voedingstof en te min van 'n ander voedingstof aan te vul. Dit word daarom aanbeveel dat wetenskaplik gebalanseerde lekkonsentrate hiervoor gebruik word wat alle voedingstowwe in die korrekte verhouding tot mekaar aanvul. Feedtek het 'n reeks konsentrate ontwikkel wat geen draers en vesel bevat nie, om dit die mees gekonsentreerde reeks konsentrate beskikbaar te maak. Dit beteken dat die boer die minimum vervoerkoste per eenheid voedingstof betaal en maksimaal van tuis- of lokaal geproduseerde grondstowwe gebruik kan maak om die lekke te meng.

Voorbeelde van lekke vir vleisbeeste met Feedtek lekkonsentrate

Grondstof	Minerale Lek	Proteïenlek	Produk sielek
Mieliemeel / Hominy chop		320	520
Melassemeel		80	80
Sout	500	350	250
Greengrazer 126	500		
Veldgrazer 128		250	150
Totaal (kg)	1000	1000	1000
Samestelling			
Proteïen		35,5	24,3
Proteïen afkomstig van NPN (% van totaal)		90,4	79,1
Kalsium	10,1	3,3	2,0
Fosfaat	6,3	1,3	0,9
Magnesium	3,4	0,7	0,5
Swael	2,6	0,6	0,4
TVV (Energie)		32,8	49,2
Aanbevole inname – beeste (g/dag)	100 – 200	450 - 700	650 - 1000

Melassemeel is bygevoeg om lekke te bind en windverliese te voorkom. Dit mag vervang word met melassestroop indien verkies.

Basies beginsels van lekbestuur

- Lekke behoort vir 365 dae van die jaar voorsien te word om minerale honger en gulsige lekvreet te voorkom
- Lekke behoort altyd onbeperk uitgesit te word om die mees reëlmatige inname te verseker
- Indien diere vir 14 dae of langer geen toegang tot lekke gehad het nie, behoort proteïenlekk wat NPN (nie proteïen stikstof) bevat, versigtig beskikbaar gestel te word om ureum vergiftiging te voorkom. Die veiligste metode is om eers 'n minerale lek vir een week onbeperk te voorsien, gevolg deur 'n 50:50 mengsel van die minerale lek en die proteïenlek vir nog 'n week voor die proteïenlek alleen gevoer word
- Wanneer NPN bevattende lekke gevoer word, behoort lekbakke instaat te wees om water te

kan dreineer, aangesien die NPN oplos in water wat bo-op sulke lekkes akkumuleer en die diere kan vrek indien hulle hierdie water drink.

- Lekkinnames behoort gereeld bepaal te word om te verseker dat diere nie te veel of te min lek inneem nie. Dit word gedoen deur 'n bekende hoeveelheid lek uit te sit en dan die lek wat oorbly na ten minste 7 dae terug te weeg. Die hoeveelheid lek per dier per dag is dan die totale hoeveelheid lek ingeneem gedeel deur die aantal diere en die aantal dae.
- Wat kan gedoen word as diere te veel lek inneem? (op voorwaarde dat daar voldoende weiding en/of ruvoer beskikbaar is en diere reeds vir 14 dae op die lek aangepas is)
 - o Vervang 50 kg mielies/hominy chop per ton lek met 50 kg sout
 - o Skuif die lekbakke so ver moontlik weg vanaf die drinkwater
 - o Verminder die beskikbare hoeveelheid lekbakspasie
- Die teenoorgestelde word gedoen indien lekkinname te laag is
- Aanbevole lekbakspasie is twee sentimeter per kop (50 koppe per meter) vir minerale lekkes en vyf sentimeter per kop (20 koppe per meter) vir proteïen en produksielekke
- Lekke behoort ten alle tye goed deurgemeng te word om vergiftiging te voorkom.

Hoe ekonomies is lekkes?

Navorsing het getoon dat diere wat 'n korrek gebalanseerde lek aanvullings program ontvang dwarsdeur die jaar, in vergelyking met slegs sout, ongeveer 20 kalwers meer per jaar per 100 koeie produseer en dat speenmassa met ten minste 30 kg verbeter. Hierdie addisionele inkomste behoort ongeveer driemaal hoër as die jaarlikse koste van die lekkes te wees, afhangende van speenkalfpryse en kostes van lekgrondstowwe. Dit sluit die addisionele groot voordeel van 'n groter aantal vroulike vervangingsdiere asook hulle verbeterde vrugbaarheid (omrede hulle swaarder weeg by eerste dek) uit. Korrekte lekaanvulling bly dus steeds die beste belegging wat 'n beesboer kan maak om winsgewendheid te verbeter.

Waarom Feedtek gebruik?

Die Feedtek lekkonsentrate bevat alle kritiese voedingstowwe benodig deur die moderne hoog produserende dier in een handige klaargemengde pak sonder enige draers, vesel, natuurlike proteïen en energie. Dit minimaliseer die vervoerkoste per eenheid voedingstof. Geen afweeg van kritiese voedingstowwe is nodig nie en dit stel die boer in staat om maksimaal van self- of lokaal geproduseerde energie- en proteïenbronne gebruik te maak en dus die volle voordeel van tuismeng te benut. Aangesien die energie en proteïenbronne nie deel van die konsentraat is nie, kan lekkes maklik aangepas word vir verskillende stadia van produksie sonder om van konsentraat te verander.



**Vir enige verdere navrae kontak
asseblief die outeur by:**

**Epos: formufeed@lando.co.za
Selfoon: 082 459 7117**